

KAKAMAS BELANGEGROEP

KENNISGEWING VAN SPESIALE ALGEMENE VERGADERING

Kennis geskied hiermee dat 'n Spesiale Algemene Vergadering van die Kakamas Belangegroep gehou sal word soos volg:

Datum: Dinsdag, 4 Februarie 2026

Tyd: 18:00

Plek: Konferensiesaal, Kalahari Gateway-hotel, Kakamas

AGENDA

1. Opening en verwelkoming
2. Teenwoordigheidsregister en verskonings
3. Bevestiging van die aard van die vergadering
 - Spesiale Algemene Vergadering ingevolge artikel 10.3 van die grondwet.
4. Goedkeuring van die notule van die vorige vergadering
5. Terugvoer: Korrespondensie met die Kai !Garib Plaaslike Munisipaliteit
 - Oorsig van formele skrywes reeds gerig aan die munisipaliteit;
 - Status van reaksies en sperdatums;
 - Volgende administratiewe en regs-stappe.
6. Terugvoer: Kakamas Belangegroep se webwerf
 - Doel en funksie van die webwerf;
 - Inligting en dokumente tans beskikbaar;
 - Gebruik van die webwerf vir openbare kommunikasie en rekordhouding.
7. Terugvoer: Aksiekomitees
 - Oorsig van bestaande aksiekomitees;
 - Mandaat en verantwoordelikhede van elke aksiekomitee;
 - Koördinering en verslagdoening.
8. Terugvoer: Kakamas-waterwerke
 - Huidige stand van sake;
 - Tegniese en administratiewe kwessies;

- Kommunikasie met die munisipaliteit en opvolgstappe.

9. Terugvoer: Petisie

- Stand van ondertekeninge;
- Indiening en reaksie;
- Verdere beplande optrede.

10. Terugvoer: Lootjieverkope

- Doel van die fondsinsameling;
- Bedrag ingesamel tot op datum;
- Aankoop van materiaal en herstel van noodwatertenk-platforms in Fase 4.

11. Inset: Elektriesiteitsnetwerk van Kakamas

- Bondige tegniese terugvoer deur Etienne Jordaan;
- Inligting vir kennisname.

12. Verkiesing van 'n bestuur ingevolge artikel 9 van die grondwet

- Nominasies;
- Verkiesing van:
 - Voorsitter
 - Onder-voorsitter
 - Sekretaris/Penningmeester
 - Drie addisionele lede

13. Kennisgewing aan lede: Hersiening van die grondwet

- Voorneme om die grondwet binne die eerste ses maande van 2026 te hersien;
- Doel: belyning met SARS-vereistes vir belastingaftrekbaarheid en formele nakoming;
- Proses en verdere kommunikasie met lede.

14. Algemene

15. Afsluiting